# STAATSKOERANT
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

PRYS 40c PRICE
Plus AVB/GST

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* BUITELANDS 50c ABROAD POSVRY • POST FREE *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 228 PRETORIA, 29 JUNIE JUNE 1984 No. 9283


## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS
## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE

**No. 1372** **29 Junie 1984**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 15 Junie 1984 kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 11 Junie 1984 van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as veertien (14) dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

## GOVERNMENT NOTICES
## DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS

**No. 1372** **29 June 1984**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 15 June 1984 the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974, against the decision on 11 June 1984 of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said appeal is hereby determined as fourteen (14) days from the date of this notice.

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer |
|---|---|---|
| P84/5/30 | ***Virgins, The*** | Jillian Becker. |
| P84/5/69 | ***Sharky's Machine*** | William Diehl. |

**No. 1373** **29 Junie 1984**

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

**No. 1373** **29 June 1984**

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

LYS/LIST P84/58

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer | Artikel 47 (2)<br>Section 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P84/6/53 | ***Objector***—Vol 2, No 3 | Conscientious Objector Support Group (W. Cape), Woodstock | (e) |
| P84/6/73 | ***Profiles Of People's Leaders—People's Voice The Congress*** | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P84/6/77 | ***Azania Vrij***—10e Jaargang, Nr 1, 1984 | Azania Komitee, Rotterdam | (e) |
| P84/6/92 | ***"COSAS: For the Peoples' Education" op voorkant/on the front, en op agterkant/and on the back "Remember June 16"*** (T-Hemp/T-Shirt: Voorwerp/Object) | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P84/6/129 | ***IDAF Book Centre*** (Pamflet/Pamphlet) | International Defence and Aid Fund for Southern Africa, London | (e) |

**No. 1374** **29 Junie 1984**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VRYSTELLING VAN ARTIKEL 9 (4)

'n Komitee bedoel in artikel 4 van Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat ondergenoemde publikasie wat deur die "International Defence and Aid Fund" uitgegee word nie ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet nie, terwyl die verspreiding van alle publikasies van hierdie uitgewer kragtens artikel 9 (4) van genoemde Wet verbied is.

Die Direktoraat van Publikasies verleen gevolglik vrystelling van die bepaling van artikel 9 (4) ten opsigte van hierdie besondere publikasie aan persone wat belangstel daarin om dit in te voer en te besit.

**No. 1374** **29 June 1984**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—EXEMPTION FROM SECTION 9 (4)

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, has in terms of section 11 (2) of the said Act decided that the undermentioned publication published by the "International Defence and Aid Fund" is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act while the distribution of all publications published by this publisher has been prohibited under section 9 (4) of the same Act.

With regard to this particular publication the Directorate of Publications hereby grants exemption from section 9 (4) of the said Act to persons who wish to import and possess it.

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer |
|---|---|---|
| P84/6/130 .......................................... | ***IDAF Briefing Paper on Southern Africa***—No 11, May 1984 | International Defence and Aid Fund of Southern Africa, London. |

**No. 1375** **29 Junie 1984**

OPSKORTING KRAGTENS ARTIKEL 15 (9) (a) VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, 1974, SOOS GEWYSIG, DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE APPÈLRAAD OOR PUBLIKASIES VAN 'N BESLISSING VAN 'N KOMITEE VAN PUBLIKASIES

Die Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies het die beslissing van 'n Komitee van Publikasies dat die publikasie ***The Virgins*** deur Jillian Becker nie-ongewens is, opgeskort totdat die Appèlraad oor die appèl van die Direktoraat beslis het.

J. C. W. VAN ROOYEN, Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies.

**No. 1375** **29 June 1984**

SUSPENSION IN ACCORDANCE WITH SECTION 15 (9) (a) OF THE PUBLICATIONS ACT, 1974, AS AMENDED, BY THE CHAIRMAN OF THE PUBLICATIONS APPEAL BOARD OF A DECISION OF A COMMITTEE OF PUBLICATIONS

The Chairman of the Publications Appeal Board has suspended the decision of a Committee of Publications that the publication ***The Virgins*** by Jillian Becker is not undesirable until the Appeal Board has determined the appeal of the Directorate.

J. C. W. VAN ROOYEN, Chairman of the Publications Appeal Board.

**No. 1376** **29 Junie 1984**

OPSKORTING KRAGTENS ARTIKEL 13 (3) (a) VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, 1974, SOOS GEWYSIG, DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE APPÈLRAAD OOR PUBLIKASIES VAN 'N BESLISSING VAN 'N KOMITEE VAN PUBLIKASIES

Die Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies het die beslissing van 'n Komitee van Publikasies dat die publikasie ***Support Congress*** deur Transvaal Indian Congress ongewens is, opgeskort totdat die Appèlraad oor die appèl van die Direktoraat beslis het.

J. C. W. VAN ROOYEN, Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies.

**No. 1376** **29 June 1984**

SUSPENSION IN ACCORDANCE WITH SECTION 13 (3) (a) OF THE PUBLICATIONS ACT, 1974, AS AMENDED, BY THE CHAIRMAN OF THE PUBLICATIONS APPEAL BOARD OF A DECISION OF A COMMITTEE OF PUBLICATIONS

The Chairman of the Publications Appeal Board has suspended the decision of a Committee of Publications that the publication ***Support Congress*** by Transvaal Indian Congress is undesirable until the Appeal Board has determined the appeal of the Directorate.

J. C. W. VAN ROOYEN, Chairman of the Publications Appeal Board.

# INHOUD


| *No.* | | *Bladsy No.* | *Staatskoerant No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | |
| | **Binnelandse Aangeleenthede, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewings* | | |
| 1372 | Wet op Publikasies (42/1974): Publikasies of voorwerpe: Vertoë ten opsigte van appèl ..... | 1 | 9283 |
| 1373 | do.: Ongewenste publikasies of voorwerpe | 2 | 9283 |
| 1374 | do.: Publikasies of voorwerpe: Vrystelling van artikel 9 (4)........................................ | 2 | 9283 |
| 1375 | do.: Opskorting kragtens artikel 15 (9) (a).... | 2 | 9283 |
| 1376 | do.: Opskorting kragtens artikel 13 (3) (a).... | 2 | 9283 |


# CONTENTS


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| | **Internal Affairs, Department of** | | |
| | *Government Notices* | | |
| 1372 | Publications Act (42/1974): Publications or objects: Representations in respect of appeal | 1 | 9283 |
| 1373 | do.: Undesirable publications or objects...... | 2 | 9283 |
| 1374 | do.: Publications or objects: Exemption from section 9 (4)........................................ | 2 | 9283 |
| 1375 | do.: Suspension in accordance with section 15 (9) (a) ........................................ | 2 | 9283 |
| 1376 | do.: Suspension in accordance with section 13 (3) (a) ........................................ | 2 | 9283 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001